

# BLOES BINNE 'N UUR

deur CAROL STONE foto's FRANCO CARDINI

**H**ier is 'n bloes wat jy binne 'n uur uit slegs een meter materiaal kan maak. Afhangend van die materiaal wat jy gaan gebruik, sal die bloes geskik wees vir 'n dag op die strand of 'n aand uit. Dra die V-hals agter – of as jy 'n bietjie waaghalsig voel – voor

**BENODIGDHEDE:** 1 m katoenstof, katoenbreistof of satynstof, 90 cm breed; bypassende garing.

**MATE:** Om borsmaat van 78 tot 92 cm te pas.

**AANWYSINGS:** Vergroot patroon volgens mate op diagram. Voeg naattoelatings en some by en knip uit papier. Lê patroon op materiaal uit en knip.

Stik 'n bindpunt aan elke middelagterrand vas met regte kante opmekaar. Werk nate netjies af. Soom mousgate na verkeerde kant om. Stik synate toe en werk nate netjies af. Soom halsrand, bindpuntrande en onderste rand na verkeerde kant om en stryk voltooide bloes.

Dra die V-hals soos jy dit verkies, agter of voor.



DIAGRAM

